

Hoofstuk van die dag: Numeri 31

> *Die Here het vir Moses gesê: “Die Israeliete moet die Midianiete straf vir wat hulle julle aangedoen het. Daarna sal jy sterwe.” (vers 1-2)*

Ons dink graag aan God as ’n vriendelike, gulhartige God,

lankmoedig en gou om te vergewe. En dis ook reg so, want God ís so. In Eks 34:6 het Hy dit in soveel woorde van Homself gesê. Maar dis net die een kant van God se karakter. Nah 1:3 bely: “Die Here is lankmoedig, maar sy krag is groot: Hy laat geen skuldige ongestraf nie.”
Die realiteit waarvoor Num 31 ons stel, is juis dit – God is nie net liefde nie. Hy straf ook. Omdat ons geneig is om dit te vergeet, maak hierdie hoofstuk met al die doodslag ’n mens ongemaklik, en sal mense dalk vra waar die God van liefde dan is. Die antwoord is nie so eenvoudig nie, maar in hierdie gebeure kry ons ’n deel daarvan, want God is hier besig om sy volk teen die Midianiete en hulle verleiding te beskerm (vgl Num 27:17-18). Ter wille van sy mense se voortbestaan tree Hy ferm en onverbiddelik op teen almal wat hulle bedreig.
Hy sal jou óók beskerm, al kos dit wat. Dít is ons diepste troos.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026